

30 September

Skrifgedeelte: Johannes 6:41-71

Fokusgedeelte: Johannes 6:64-68

Die Here Jesus is nie verleë nie, maar alwetend

Jesus is nie bang dat hulle wat deur sy Vader na Hom toe getrek word, Hom ook sal verlaat nie. Daarom sy vraag aan sy dissipels: "Wil julle nie ook weggaan nie?" Al verstaan hulle nog nie sy komende lyding nie, aanvaar hulle Hom onvoorwaardelik as hulle Here, die Heilige van God. Hulle redeneer nie oor Hom nie soos die Jode wat sê: Hoe kan Hy uit die hemel kom? Ons ken mos sy pa en ma. En as Jesus sê: "Wie My liggaam eet en My bloed drink het die ewige lewe", dan sê die dissipels nie dat dit darem te erg is nie. En omdat aan hulle gegee is om te glo, daarom verlaat hulle Hom nie soos baie ander nie. Kinderlik kom dit: "Here, na wie toe sal ons gaan...?" Jesus se prediking bring dus skeiding onder die volk en selfs onder sy dissipels.

Die Here dwing niemand om Hom te volg en by Hom te bly nie.

Hy verwag vrywillige oorgawe aan Hom op grond van die belydenis van 'n wedergebore hart.

Ons is dikwels so begaan oor getalle in die kerk. Die preke moet tog gemeentevriendelik en sondaar-sussend wees. Tug dryf sogenaamd net mense uit die kerk uit. As die Here egter deur sy Woord ook nou vir u vra: Wil jy nie ook weggaan nie? Wil jy nie ook maar die Here Jesus afskryf en jou Bybel verbrand nie? Waarom hou jy aan om te glo en te bid...? Wat gaan jou antwoord wees?" "Na wie toe sal jy gaan?"

Sing: Psalm 73:11

Ds J Venter (Emeritus)